education

Department:
Education
North West Provincial Government
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# PROVINSIALE ASSESSERING

## GRAAD 11

## REKENINGKUNDE V2
## JUNIE 2024

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

Testpapers.co.za

Kopiereg v... lief

Past exam papers Summaries Study Guides

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. ’n Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin jy AL die vrae moet beantwoord.
3. ’n Formuleblad met Finansiële Aanwysers is aan die einde van hierdie vraestel aangeheg.
4. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.
5. Jy mag ’n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
6. Jy mag ’n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
7. Toon ALLE bewerkings tot EEN desimale punt, waar van toepassing.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as ’n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk nie.

| VRAAG | ONDERWERP | PUNTE | MINUTE |
|---|---|---|---|
| 1 | Bankversoening | 45 | 30 |
| 2 | Krediteureversoening | 20 | 20 |
| 3 | Vaste bates | 50 | 40 |
| 4 | Rekeningkundige vergelyking | 35 | 30 |
| **TOTAAL** | | **150** | **120** |

## VRAAG 1: BANKVERSOENING (45 punte; 30 minute)

1.1 **MEERVOUDIGEKEUSE VRAE**

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Ontleed die Bankversoeningstaat hieronder en kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A-D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.5) neer. (5)

**INLIGTING:**

**Bankversoeningstaat soos op 31 Mei 2024**

| | |
|---|---|
| Dt saldo volgens bankstaat | R15 500 |
| Uitstaande deposito | R22 000 |
| Uitstaande EFO's: 450 | R6 500 |
| 452 | R500 |
| Dt regstelling van fout | R4 820 |
| Kt regstelling van fout | R840 |
| Saldo volgens die bankrekening | R? |

1.1.1 Die korrekte saldo volgens die bankrekening hierbo is:

A R4 480 (dt)
B R4 480 (kt)
C R5 160 (dt)
D R5 160 (kt)

1.1.2 ’n Moontlike rede vir die inskrywing vir R4 820 is:

A Die bankstaat toon ’n bedrag vir ’n ander kliënt.
B Die bankstaat toon ’n foutiewe bedrag vir rente verdien.
C Die bankstaat se bankkoste was te hoog.
D Die debietorder vir versekering het twee keer deurgegaan.

1.1.3 ’n Moontlike rede vir die inskrywing vir R840 is:

A Die bankstaat toon ’n bedrag vir ’n ander kliënt.
B Die bankstaat toon ’n foutiewe bedrag vir rente verdien.
C Die bankstaat se bankkoste was te hoog.
D Die debietorder vir versekering het twee keer deurgegaan.

1.1.4 Watter EEN van die volgende is voorbeelde van bankkoste?

A OTM-koste, kontanthanteringsheffing, rente op 'n debietsaldo
B Rente op oortrokke rekening, OTM-koste, debietorderkoste
C Internetbankfooi, debietorderkoste, OTM-koste
D Kontanthanteringsheffing, renteheffing, debietorderkoste

1.1.5 EFO 450 verskyn korrek op die bankversoeningstaat van Mei 2024, maar is verkeerdelik as R5 600 in die Kontantbetalingsjoernaal geboekstaaf. Watter inskrywing moet gemaak word om die fout reg te stel?

A R900 in die Kontantbetalingsjoernaal
B R900 in die Kontantontvangstejoernaal
C R1 000 in die Kontantbetalingsjoernaal
D R1 000 in die Kontantontvangstejoernaal

1.2 **BANKVERSOENING**

Die inligting hieronder is uit die boeke van Tadima Handelaars geneem.

**GEVRA:**

1.2.1 Bereken die totale in die kontantjoernale op 31 Mei 2024. (15)

1.2.2 Bereken die korrekte saldo van die bankrekening op 31 Mei 2024. (5)

1.2.3 Stel die bankversoeningstaat op 31 Mei 2024 op. (10)

1.2.4 Die eienaar het probleme met die deponering van kontant opgemerk. Verduidelik DRIE maatreëls wat hy kan gebruik om hierdie probleme op te los. (6)

1.2.5 Die heffing op kredietkaartverkope is 5% van die betrokke bedrag. Bereken die totale kredietkaartverkope vir die maand. (3)

1.2.6 Noem EEN voordeel van die gebruik van elektroniese fondsoorplasings (EFO). (1)

**INLIGTING:**

**A. Die voorlopige totale in die kontantjoernale, voor die ontvangs van die bankstaat vir Mei 2024:**

| | |
|---|---|
| Kontantontvangstejoernaal: | R405 600 |
| Kontantbetalingsjoernaal: | R384 450 |

**B. Bankversoeningstaat op 30 April 2024**

| | | |
|---|---|---|
| Gunstige saldo volgens die bankstaat | | R10 650 |
| Uitstaande deposito | Dateer 10 April 2024 | R9 300 |
| | Dateer 25 April 2024 | R17 000 |
| Uitstaande EFO: | 205 | R12 800 |
| | 206 | R3 750 |
| Gunstige saldo volgens die bankrekening | | R20 400 |

**LET WEL:**

Met die vergelyking van die Mei 2024 bankstaat, ontvang van TYME Bank, met die Bankversoeningstaat van April 2024, is die volgende opgemerk:

- Die uitstaande deposito van R17 000 het nie op die Mei bankstaat verskyn nie. 'n Ondersoek het aan die lig gebring dat die geld nooit gedeponeer is nie. Die kassier kan nie verduidelik waar die kontant is nie.
- EFO nr. 205 is korrek op die Mei bankstaat as R18 200.
- Die ander uitstaande bedrae van die vorige maand het op die Mei bankstaat verskyn.

**C. Die volgende transaksie op die bankstaat van Mei 2024 verskyn nie in die joernale nie:**

- OTM-fooie, EFO-kostes en kontanthanteringsheffing, R1 380.
- Rente op lopende rekening, R350.
- Kredietkaartheffing, R2 025.
- 'n Direkte deposito van 'n debiteur, T Colby nadat hy 5% korting ontvang het op uitstaande skuld van R3 800.
- 'n Direkte deposito van R7 500 deur K Britz, 'n huurder.
- 'n Debietorder van R3 700 vir die maandelikse telefoonrekening het twee keer op die Bankstaat verskyn. Die bank sal die fout volgende maand regstel.
- 'n Debietkaartbetaling van R1 500 vir brandstof vir die onderneming se voertuig. Die eienaar het nagelaat om die brondokument by die boekhouer in te gee.

**D. Die volgende inskrywings was na die 25ste Mei 2024 in die kontantjoernale:**

| | |
|---|---|
| • Deposito gedateer 28 Mei 2024 | R6 500 |
| • EFO 268 gedateer 29 Mei 2024 | R2 700 |
| • EFO 269 gedateer 30 Mei 2024 | R4 300 |
| • Debietkaart kontantontrekking | R12 300 |

**E. Die bankstaatsaldo op 31 Mei 2024 was?**

**45**

## VRAAG 2: KREDITEUREVERSOENING (20 punte; 20 minute)

2.1 **EVA HANDELAARS**

Eva Handelaars ontvang die staat van hulle krediteur, Yoki Handelaars, op 25 Maart 2024. ’n Vergelyking toon dat die saldo op die staat nie met dié van die krediteuregrootboekrekening ooreenstem nie.

**GEVRA:**

2.1.1 Gebruik die tabel wat in die Antwoordeboek verskaf is om die veranderinge aan te dui wat in die Krediteurekontrolerekening en die Rekeningstaat gemaak moet word om die foute en weglatings in ag te neem.

Dui ‘n vermeerdering met ‘n ‘**+**’ en ‘n vermindering met ‘n ‘**–**‘ met elke bedrag aan. (14)

2.1.2 Gee TWEE verduidelikings hoe die voorbereiding van ‘n krediteure-rekonsiliasie as ‘n interne beheermaatreël, die besigheid kan bystaan om hul krediteure meer effektief te bestuur. (4)

2.1.3 **Verwys na inligting C nommer 3.**

Identifiseer die tipe korting wat aan Eva Handelaars op 24 Maart 2024 toegestaan is. (2)

**INLIGTING:**

**A. Krediteuregrootboek van Eva Handelaars:**

**Yoki Handelaars**

| Datum | | Besonderhede | Fol | Debiet | Krediet | Saldo |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Mrt | 1 | Rekening gelewer | a/b | | | 86 600 |
| 2024 | | Faktuur 567 | KJ | | 82 000 | 168 600 |
| | 6 | Debietnota | KAJ | 4 500 | | 164 100 |
| | 10 | EFO 446 | KBJ | 52 000 | | 112 100 |
| | | Korting | KBJ | 4 160 | | 107 940 |
| | 20 | Faktuur 995 | KJ | | 18 500 | 126 440 |
| | 22 | EFO 467 | KBJ | 22 000 | | 104 440 |
| | 24 | Faktuur 584 | KJ | | 40 000 | 144 440 |
| | 28 | EFO 471 | KBJ | 23 000 | | 121 440 |
| | | Korting | KBJ | 2 300 | | 119 140 |
| | 30 | Faktuur 591 | KJ | | 74 000 | 193 140 |

**B. Staat ontvang van Yoki Handelaars:**

| **YOKI HANDELAARS**<br>Arendstraat 145<br>**25 Maart 2024** | | | **Debiteur:** | **Eva Handelaars**<br>Duifstraat | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Datum** | | **Besonderhede** | **Debiet** | **Krediet** | **Saldo** |
| Feb | 26 | Saldo | | | 111 600 |
| | 28 | Kwitansie 115 | | 25 000 | 86 600 |
| Mrt | 1 | Faktuur 567 | 82 000 | | 168 600 |
| | 6 | Kredietnota 12 | 4 500 | | 173 100 |
| | 10 | Kwitansie 121 | | 52 000 | 121 100 |
| | | Korting toegestaan | | 2 600 | 118 500 |
| | 18 | Faktuur 572 | 48 000 | | 166 500 |
| | 22 | Kwitansie 135 | | 22 000 | 144 500 |
| | 24 | Faktuur 584 | 36 000 | | 180 500 |
| | 25 | Afleweringskoste | 5 500 | | 186 000 |

**C. ’n Ondersoek het aan die lig gebring dat:**

1. Yoki Handelaars het slegs 5% korting op die betaling op 10 Maart 2024 toegestaan.
2. Yoki Handelaars het die kredietnota 12 in die verkeerde kolom in hulle rekords ingeskryf.
3. Eva Handelaars het vergeet om die korting wat Yoki Handelaars op faktuur 584 gegee het, af te trek.
4. Faktuur 995 was vir goedere wat Eva Handelaars by Koki Handelaars gekoop het.
5. Faktuur 572 was vir goedere wat deur Yoki Handers aan Vae Handelaars verkoop het.
6. Volgens die kontrak hef Yoki Handelaars ’n afleweringsfooi aan al hulle debiteure.
7. Die staat wat van Yoki Handelaars ontvang is, bevat geen transaksie wat na 25 Maart 2024 aangegaan is nie. Al hierdie transaksies is korrek in die boeke van Eva Handelaars geboekstaaf.

**20**

**VRAAG 3: VASTE BATES** **(50 punte; 40 minute)**

3.1 **PAS ITEMS**

Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (3.1.1 tot 3.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 3.1.6 F.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 3.1.1 Omsigtigheid | A Metode om waardevermindering op die kosprys af te skryf. |
| 3.1.2 Historiese koste | B Bereken bedrae deur opgehoopte waardevermindering van die kosprys af te trek. |
| 3.1.3 Vaste paaiement | C Bates moet op 'n realistiese waarde bepaal word. |
| 3.1.4 Verminderde saldo | D Waardevermindering word op boekwaarde bereken. |
| 3.1.5 Boekwaarde | E Bate geboekstaaf teen sy aankoopprys minus handels-korting, plus enige ander bykomstighede. |

(5 x 1) (5)

3.2 **VASTE BATES**

Die inligting wat verskaf word, het betrekking op die Nie-bedryfsbates van LM Handelaars. Die finansiële jaar eindig op 29 Februarie 2024.

**GEVRA:**

3.2.1 Bereken waardevermindering op toerusting en voertuie. (17)

3.2.2 Voltooi die Bateverkoperekening om die verkope van toerusting aan te teken. (6)

3.2.3 Voltooi die vaste bate nota op 29 Februarie 2024. (14)

**INLIGTING:**

**A. Vaste bate nota (Nota 3):**

| | **Toerusting** | **Voertuie** |
|---|---:|---:|
| Drawaarde (01/03/23) | 50 000 | ? |
| Kosprys | 400 000 | 300 000 |
| Opgehoopte waardevermindering | (350 000) | ? |

**B. Toerusting:**

- LM Handelaars het twee kopieermasjien vir R200 000 elk gekoop. Opgehoopte waardevermindering op hierdie kopieermasjiene op 1 Maart 2023 was R350 000. Die besigheid het hierdie kopieermasjiene vir meer as vyf jaar gehad, en hulle sal na verwagting produktief gebruik word vir nog drie jaar.
- LM Handelaars het 'n nuwe afrolmasjien op krediet by Cannon vir R250 000 op 1 Desember 2023 gekoop.
- Waardevermindering op toerusting word bereken teen 15% per jaar op kosprys.

**C. Voertuie:**

- Nissan MP 200 is op 1 Maart 2021 vir R300 000 gekoop. Hierdie bakkie is vir R220 000 kontant verkoop op 1 September 2023.
- Twee Toyota bakkies is op 31 Mei 2023 vir R325 000 elk gekoop. Die fondse is elektronies na die motorhandelaar oorgedra.
  Alarmstelsels van R8 000 is geïnstalleer en lisensiegelde van R1 800 is betaal.
- Waardevermindering word op drawaarde bereken teen 'n koers van 20% per jaar.

**3.3 INTERNE KONTROLE VAN VASTE BATES**

3.3.1 Noem TWEE punte van advies, oor hoe om beter beheer oor die gebruik van besigheidsvoertuie uit te oefen. (4)

3.3.2 Verduidelik waarom dit belangrik is om ’n bateregister wat op datum is te hou. Verskaf TWEE punte. (2)

3.3.3 Gee EEN rede waarom ’n onderneming mag besluit om vaste bates te verkoop. (2)

**50**

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 4: REKENINGKUNDIGE VERGELYKING (35 punte; 30 minute)

### 4.1 AMELIA HANDELAARS

Die inligting wat verskaf word, het betrekking op Amelia Handelaars. Die onderneming handhaaf 'n vaste winsopslag van 25% op kosprys en gebruik die deurlopende voorraadstelsel.

**LET WEL:** Aanvaar dat die bankrekening 'n batige saldo toon.

**GEVRA:**

Ontleed die volgende transaksies volgens die opskrifte wat verskaf is in jou ANTWOORDEBOEK.

4.1.1 Verkoop goedere op krediet, R25 000. (6)

4.1.2 Koop handelsvoorraad vir R65 000 min 5% handelskorting. Maak 'n EFO-betaling aan die verskaffer. (4)

4.1.3 Betaal per EFO om die goedere by die onderneming te laat aflewer, R900. (4)

4.1.4 'n Elektroniese bankbetaling van R20 000 aan 'n krediteur is foutiewelik reeds op 13 Februarie 2024 geboekstaaf, alhoewel die magtigingsdatum vir die oorbetaling van die fondse deur die bank eers 30 April 2024 is. (4)

4.1.5 'n EFO vir R534 verskyn op die bankstaat. Die bedrag wat in die kontantjoernaal ingeskryf was, is R435. Die bankstaatbedrag is korrek. Die EFO is aan Mompati BK vir handelsvoorraad uitereik. (6)

4.1.6 'n Ander EFO is foutiewelik in die KBJ as R999 in plaas van R99 ingeskryf. Hierdie EFO is aan East Pack vir verbruiksgoedere uitgereik. (6)

4.1.7 Die winkelperseel is uitgebrei teen 'n kosprys van R160 000. Dit is betaal en ingeskryf. Die boekhouer het egter die bedrag foutiewelik teen Herstelwerk gedebiteer. (5)

**[35]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

| GRAAD 11 REKENINGKUNDE FORMULEBLAD MET FINANSIËLE AANWYSERS | | |
|---|---|---|
| $\frac{\text{Bruto Wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bruto Wins}}{\text{Koste van Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Netto Wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |

| | |
|---|---|
| $\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Totale verdienste per vennoot}}{\text{Gemiddelde eienaarsbelang van vennoot}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Netto Wins}}{\text{Gemiddelde eienaarsbelang}} \times \frac{100}{1}$ |
| Bedryfsbates: Bedryfslaste | (Bedryfsbates – Voorraad): Bedryfslaste |
| $\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365 \text{ of } 12}{1}$ | $\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Kredietaankope of Koste van Verkope}} \times \frac{365 \text{ of } 12}{1}$ |
| $\frac{\text{Gemiddelde voorraad}}{\text{Koste van Verkope}} \times \frac{365 \text{ of } 12}{1}$ | $\frac{\text{Koste van Verkope}}{\text{Gemiddelde voorraad}}$ |
| Langtermynlenings : Eienaarsbelang | Totale bates: Totale laste |

Kopiereg voorbehou

education

Department:
Education
North West Provincial Government
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# PROVINSIALE ASSESSERING

## GRAAD 11

**REKENINGKUNDE V2**

**JUNIE 2024**

**ANTWOORDEBOEK**

**NAAM VAN LEERDER:** ______________________________

| VRAAG | PUNTE | PARAAF | MODERATOR |
|---|---|---|---|
| 1 | 45 | | |
| 2 | 20 | | |
| 3 | 50 | | |
| 4 | 35 | | |
| TOTAAL | 150 | | |

Testpapers.co.za
Past exam papers
Summaries
Study Guides

Kopiereg v... asseblief

## VRAAG 1: BANKVERSOENING (45 punte; 30 minute)

### 1.1 MEERVOUDIGEKEUSE VRAE

| | |
|---|---|
| 1.1.1 | |
| 1.1.2 | |
| 1.1.3 | |
| 1.1.4 | |
| 1.1.5 | |

| |
|---|
| |
| 5 |

### 1.2 BANKVERSOENING

**1.2.1 Bereken die totale in die kontantjoernale op 31 Mei 2024.**

| KONTANTONTVANGSTE-JOERNAAL | KONTANTBETALINGS-JOERNAAL |
|---|---|
| | 384 450 |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |

| |
|---|
| |
| 15 |

| 1.2.2 | Bereken die korrekte saldo van die bankrekening op 31 Mei 2024. |
|---|---|
| | |

| |
|---|
| |
| 5 |

| 1.2.3 | Stel die bankversoeningstaat op 31 Mei 2024 op. | |
|---|---|---|
| | **Debiet** | **Krediet** |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |

| |
|---|
| |
| 10 |

**OF**

| 1.2.3 | Stel die bankversoeningstaat op 31 Mei 2024 op. |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |

| |
|---|
| |
| 10 |

| 1.2.4 | Die eienaar het probleme met die deponering van kontant opgemerk. Verduidelik DRIE maatreëls wat hy kan gebruik om hierdie probleme op te los. |
|---|---|
| | |

| |
|---|
| |
| 6 |

| 1.2.5 | **Die heffing op kredietkaartverkope is 5% van die betrokke bedrag. Bereken die totale kredietkaartverkope vir die maand.** |
|---|---|
| | |

| |
|---|
| |
| **3** |

| 1.2.6 | **Noem EEN voordeel van die gebruik van elektroniese fondsoorplasings (EFO).** |
|---|---|
| | |

| |
|---|
| |
| **1** |

| **TOTALE PUNTE** |
|---|
| |
| **45** |

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 2: KREDITEUREVERSOENING (20 punte; 15 minute)**

**2.1 EVA HANDELAARS**

**2.1.1 Gebruik die tabel hieronder om die veranderinge aan te dui.**

| | KREDITEUREGROOTBOEK EVA HANDELAARS | REKENINGSTAAT YOKI HANDELAARS |
|---|---|---|
| **Verskil** | **193 140** | **186 000** |
| **1** | | |
| **2** | | |
| **3** | | |
| **4** | | |
| **5** | | |
| **6** | | |
| **7** | | |
| | | |
| | | |
| **Saldo** | | |

| |
|---|
| |
| **14** |

| | |
|---|---|
| **2.1.2** | **Gee TWEE verduidelikings oor hoe die voorbereiding van 'n krediteurerekonsiliasie as 'n interne beheer maatreël, die besigheid kan bystaan om hul krediteure meer effektief te bestuur.** |
| | |

| |
|---|
| |
| **4** |

| | |
|---|---|
| **2.1.3** | **Identifiseer die tipe korting wat aan Eva Handelaars op 24 Maart 2024 toegestaan is.** |
| | |

| |
|---|
| |
| **2** |

| **TOTALE PUNTE** |
|---|
| |
| **20** |

**VRAAG 3: VASTE BATES** **(50 punte; 40 minute)**

## 3.1 PAS ITEMS

| | |
|---|---|
| 3.1.1 | |
| 3.1.2 | |
| 3.1.3 | |
| 3.1.4 | |
| 3.1.5 | |

| |
|---|
| |
| **5** |

## 3.2 VASTE BATES

| **3.2.1** | **Bereken waardevermindering op toerusting en voertuie.** | |
|---|---|---|
| | **Toerusting** | |
| | **Ou toerusting** | **Nuwe toerusting** |
| | | |
| | **Voertuie** | |
| | **Ou voertuie** | **Nuwe voertuie** |
| | | |

| |
|---|
| |
| **17** |

| **3.2.2** | **Voltooi die Bateverkoperekening om die verkope van toerusting aan te teken.** | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **BATEVERKOPE** | | | | | |
| 01 Sep | | | 01 Sep | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |

| |
|---|
| |
| **6** |

| 3.2.3 | Voltooi die Vaste bate nota op 29 Februarie 2024. | |
|---|---|---|
| | **Toerusting** | **Voertuie** |
| Kosprys | 400 000 | 300 000 |
| Opgehoopte waarvermindering | (350 000) | |
| Drawaarde aan die begin van die jaar | 50 000 | |
| **Bewegings** | | |
| Byvoegings teen kosprys | | |
| Bateverkope teen drawaarde | | |
| Waardevermindering vir die jaar | | |
| Drawaarde einde van die jaar | | |
| Kosprys | | |
| Opgehoopte waarvermindering | | |

**14**

## 3.3 INTERNE KONTROLE VAN VASTE BATES

| 3.3.1 | Noem TWEE punte van advies, oor hoe om beter beheer oor die gebruik van besigheidsvoertuie uit te oefen. |
|---|---|
| | |

**4**

| 3.3.2 | Verduidelik waarom dit belangrik is om 'n bateregister wat op datum is te hou. Verskaf TWEE punte. |
|---|---|
| | |

**2**

| 3.3.3 | Gee EEN rede waarom 'n onderneming mag besluit om vaste bates te verkoop. |
|---|---|
| | |

**2**

| TOTALE PUNTE |
|---|
| |
| 50 |

## VRAAG 4: REKENINGKUNDIGE VERGELYKING (35 punte; 30 minute)

### 4.1 AMELIA HANDELAARS

| | REKENING GEDEBITEER | REKENING GEKREDITEER | BEDRAG | Effek op die rekeningkundige vergelyking | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | B | E | L |
| 4.1.1 | | Verkope | 25 000 | | + | |
| | Koste van verkope | | | | - | |
| 4.1.2 | Handelsvoorraad | | | | | |
| 4.1.3 | | | 900 | | | 0 |
| 4.1.4 | | | 20 000 | | | |
| 4.1.5 | | | | | | |
| 4.1.6 | | | | | | |
| 4.1.7 | | | 160 000 | | | |

35

| TOTALE PUNTE |
|---|
| |
| 35 |

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

education

Department:
Education
North West Provincial Government
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# PROVINSIALE ASSESSERING

## GRAAD 11

## REKENINGKUNDE V2

## JUNIE 2024

## NASIENRIGLYNE

**TOTAAL: 150 PUNTE**

**NASIENBEGINSELS:**

1. Tensy anders getoon in die nasienriglyne, word strafpunte vir vreemde items slegs toegepas indien die kandidaat nie punte elders in die vraag vir daardie item verloor nie (geen straf vir misplaaste item). Geen dubbele strawwe word toegepas nie.
2. Strafpunte vir plasing of swak aanbieding (bv. besonderhede) is slegs van toegepassing indien die kandidaat punte op die bedrae vir daardie item verdien het.
3. Tensy anders getoon, ken volpunte toe vir korrekte Antwoord. Indien die antwoord foutief is, merk die berekeninge wat voorsien is.
4. Indien 'n vooraansuiweringsyfer as 'n finale syfer getoon word, ken die deelpunt toe as 'n berekening vir daardie syfer (nie die metodepunt vir die antwoord nie). **Let wel**: As syfers in memo vir komponente van bewerkings, dra hierdie nie metodepunt van die finale Antwoord ook nie.
5. Tensy anders getoon, moet die positiewe of negatiewe effek van enige syfer in af geneem word om die punt toe te ken. Indien geen + of – teken of hakie verskaf word nie, neem aan dat die syfer positief is.
6. Waar dit getoon word, ken deelpunte toe om die kwaliteit van antwoorde van kandidate te differensieer.
7. Indien kanidate meer as die verlangde aantal antwoorde verskaf, ondersoek alle antwoorde tot voordeel van die kanidaat. Strafpunte kan toegeken word vir vreemde items indien kanidate volpunte vir 'n vraag gekry het (maks. -2 per vraag.)
8. Waar metodepunte vir bewerking toegeken word, moet die nasiener eers die redelikheid van die antwoord ondersoek voordat die punt toegeken word.
9. 'Bewerking' beteken kontroleer bewerking. 'Een deel korrek' beteken bewerking en een deel korrek. LW: Kontroleer bewerking moet +, -, x, ÷ wees, of soos per nasienriglyne.
10. Bewerkings: Moet nie punte vir bewerkings toeken waar die teller & noemer omgeruil is nie. Dit is ook van toepassing op verhoudings.
11. M ... in ge
12. W ... ee. Le
13. K

Testpapers.co.za
Past exam papers
Summaries
Study Guides

## VRAAG 1: BANKVERSOENING

### 1.1 MEERVOUDIGEKEUSE VRAE

| | |
|---|---|
| **1.1.1** | B✓ |
| **1.1.2** | B✓ |
| **1.1.3** | D✓ |
| **1.1.4** | C✓ |
| **1.1.5** | A✓ |

**5**

### 1.2 BANKVERSOENING

**1.2.1 Bereken die totale in die kontantjoernale op 31 Mei 2024.**

| KONTANTONTVANGSTE-JOERNAAL | KONTANTBETALINGS-JOERNAAL |
|---|---|
| 405 600✓ | **384 450** |
| 350✓ | 17 000✓✓ |
| 7 500✓ | 5 400✓✓ |
| 3 610✓✓ (3 800 x 95/100) | 1 380✓ |
| | 2 025✓ |
| | 3 700✓ |
| | 1 500✓ |
| 410 310☑<br>Moet totaal insluit, een deel korrek | 415 455☑<br>Moet totaal insluit, een deel korrek |

**15**

| | |
|---|---|
| **1.2.2** | **Bereken die korrekte saldo van die bankrekening op 31 Mei 2024.** |
| | 20 400✓✓ + 410 310☑ + 415 455☑ = 15 255☑ |

**5**

| 1.2.3 | Stel die bankversoeningstaat op 31 Mei 2024 op. | | |
|---|---|---|---|
| | | **Debiet** | **Krediet** |
| Dt saldo volgens die bankrekening | | 15 255☑ | |
| Kt uitstaande deposito | | | 6 500✓ |
| Dt uitstaande EFO's: 268 | | 2 700✓ | |
| 269 | | 4 300✓ | |
| Dt✓ debietkaart onttrekkings | | 2 100✓✓ | |
| Kt foutiewe debietorder | | | 3 700✓ |
| Kt saldo volgens die bankstaat | | | 14 155☑ |
| Beide totale dieselde, een deel korrek. | | **24 355☑** | **24 355** |

**10**

**OF**

| 1.2.3 | Stel die bankversoeningstaat op 31 Mei 2024 op. |
|---|---|
| Dt saldo volgens die bankrekening | 15 255☑ |
| Kt uitstaande deposito | (6 500)✓ |
| Dt uitstaande EFO's: 268 | 2 700✓ |
| 269 | 4 300✓ |
| Dt✓ debietkaart onttrekkings | 2 100✓✓ |
| Kt foutiewe debietorder | (3 700)✓ |
| Kt saldo volgens die bankstaat | **14 155☑☑** |

**10**

| 1.2.4 | Die eienaar het probleme met die deponering van kontant opgemerk. Verduidelik DRIE maatreëls wat hy kan gebruik om hierdie probleme op te los. |
|---|---|
| | Enige DRIE ✓✓✓<br>Implementeer 'n vaste deponeer-roetine/beleid vir daaglikse deponering<br>• Stel 'n ander persoon aan wat verantwoordelik is vir deponering van kontant (verdeling van pligte vir een punt).<br>• Gebruik kontanttransito-dienste (sekuriteitsmaatskappye)/verdeel groot bedrae in kleiner deponeringsbedrae.<br>• Hou toesig oor die deponering van fondse/doen onafhanklike (onbeplande) kontroles/magtig fondse wat gedeponeer moet word/kontroleer dokumentasie (depositostrokies) voor en na deponering.<br>• Moedig meer klante aan om per EFO te betaal (minder kontanthantering).<br>• Aktiveer bankkennisgewingsdienste vir alle transaksies (ontvang SMS).<br>• Doen gereelde/onbeplande versoenings met mini-state vanaf die banktoepassing as 'n tussentydse beheermaatreël/ rekonsilieer kontant en kredietkaarttransaskies daagliks om latere foute te voorkom. |

**6**

| | | |
|---|---|---|
| **1.2.5** | **Die heffing op kredietkaartverkope is 5% van die betrokke bedrag. Bereken die totale kredietkaartverkope vir die maand.** | |
| | 2 025✓ x 100/5✓ = 40 500☑<br>Een deel korrek | **3** |

| | | |
|---|---|---|
| **1.2.6** | **Noem EEN voordeel van die gebruik van elekroniese fondsoorplasings (EFO).** | |
| | Enige EEN ✓<br>Veilig / gerieflik / vinnig en maklik / Kan buite bank-ure gedoen word / neem minder tyd in beslag (geen toue) / laer kostes / vinnige terugvoer | **1** |

| **TOTALE PUNTE** |
|---|
| **45** |

## VRAAG 2: KREDITEUREVERSOENING

### 2.1 EVA HANDELAARS

**2.1.1 Gebruik die tabel hieronder om die veranderinge aan te dui.**

| | KREDITEUREGROOTBOEK EVA HANDELAARS | REKENINGSTAAT YOKI HANDELAARS |
|---|---|---|
| **Verskil** | **193 140** | **186 000** |
| **1** | 1 560✓✓ | |
| **2** | | (9 000)✓✓ (- 4 500 – 4 500) |
| **3** | (4 000)✓ | |
| **4** | (18 500)✓ | |
| **5** | | (48 000)✓ |
| **6** | 5 500✓✓ | |
| **7** | | (23 000)✓ |
| | | (2 300)✓ |
| | | 74 000✓ |
| **Saldo** | 177 700☑ Moet totale insluit, een deel korrek | 177 700☑ Moet totale insluit, een deel korrek |

**14**

| 2.1.2 | Gee TWEE verduidelikings oor hoe die voorbereiding van 'n krediteurerekonsiliasie as 'n interne beheermaatreël, die besigheid kan bystaan om hul krediteure meer effektief te bestuur. |
|---|---|
| | Enige twee geldige redes✓✓✓✓<br>Deelpunte vir 'n gedeeltelike/onduidelike /onvolledige antwoord<br>• Foute en weglatings kan opgespoor en reggestel word<br>• Bedrog kan opgespoor en verminder word.<br>• Korrekte betaling kan bereken word, en betalings kan betyds gemaak word om rente te vermy. |

**4**

| 2.1.3 | Identifiseer die tipe korting wat aan Eva Handelaars op 24 Maart toegestaan is. |
|---|---|
| | Handelskorting✓✓ |

**2**

| TOTALE PUNTE |
|---|
| **20** |

## VRAAG 3: VASTE BATES

### 3.1 PAS ITEMS

| | |
|---|---|
| 3.1.1 | C✓ |
| 3.1.2 | E✓ |
| 3.1.3 | A✓ |
| 3.1.4 | D✓ |
| 3.1.5 | B✓ |

**5**

### 3.2 VASTE BATES

**3.2.1 Bereken waardevermindering op toerusting en voertuie.**

<table>
<tr><th colspan="2">Toerusting</th></tr>
<tr><th>Ou toerusting</th><th>Nuwe toerusting</th></tr>
<tr><td>50 000✓ – (R1✓ x 2✓)<br>= 4 998☑</td><td>250 000✓ x 15% x 3/12✓<br>= 9 375☑</td></tr>
<tr><th colspan="2">Voertuie</th></tr>
<tr><th>Ou voertuie</th><th>Nuwe voertuie</th></tr>
<tr><td>300 000 x 20%<br>= 60 000✓<br>240 000<br>(300 000 – 60 000) x 20%<br>= 48 000☑✓<br>192 000<br>(300 000 - 60 000 - 48 000)☑ x 20%<br>x 6/12✓<br>= 19 200☑</td><td>[(325 000 x 2✓) + 8 000✓] x 9/12✓ x 20%<br>= 98 700 ☑ een deel korrek</td></tr>
</table>

**17**

**3.2.2 Voltooi die Bateverkoperekening op om die verkope van toerusting aan te teken.**

**BATEVERKOPE**

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 01 Sep | Voertuie | 300 000✓ | 01 Sep | Opgehoopte waardevermindering op voertuie | 127 200✓☑ |
| | Wins met bateverkope | 47 200☑ | | Bank | 220 000✓ |
| | | **347 200** | | Beide totale dieselfde | **347 200☑** |

Hele lyn korrek vir punte toekenning. (60 000 + 48 000 + 19 200) = 127 200

**6**

| 3.2.3 | Voltooi die Vaste bate nota op 29 Februarie 2024. | |
|---|---|---|
| | **Toerusting** | **Voertuie** |
| Kosprys | **400 000** | **300 000** |
| Opgehoopte waarvermindering | **(350 000)** | (108 000)☑ |
| Drawaarde aan die begin van die jaar | **50 000** | 192 000☑ |
| **Bewegings** | | |
| Byvoegings teen kosprys | 250 000✓ | 658 000✓ |
| Bateverkope teen drawaarde | - | (172 800)☑ |
| Waardevermindering vir die jaar | (14 373)☑ | (117 900)☑ |
| Drawaarde einde van die jaar | 285 627☑ | 559 300☑ |
| Kosprys | 650 000✓✓ | 658 000✓ |
| Opgehoopte waarvermindering | (364 373)☑ | (98 700)☑ |

**14**

### 3.3 INTERNE KONTROLE VAN VASTE BATES

| 3.3.1 | **Noem TWEE punte van advies oor hoe om beter beheer oor die gebruik van besigheidsvoertuie uit te oefen.** |
|---|---|
| | Enige TWEE geldige punte ✓✓ ✓✓<br>• Installeer opsporingstoestelle in voertuie.<br>• Gebruik ŉ logboek om rekord te hou van die kilometers.<br>• Maak seker dat alle voertuie by die werk geparkeer is na werksure.<br>• Ken voertuie op ŉ daaglikse basis toe aan bestuurders. |

**4**

| 3.3.2 | **Verduidelik waarom dit belangrik is om ŉ bateregister wat op datum is te hou. Verskaf TWEE punte.** |
|---|---|
| | Enige twee geldige punte ✓✓<br>• Om rekord te hou van volledige besonderhede van al die bates in die besigheid, bv kosprys, datum van aankoop, metode van waardevermindering ens.<br>• Dit is 'n beheermaatreël wat verseker dat al die bates van die besigheid beveilig of beskerm word.<br>• Dit help met die proses van verifiëring van bates deur interne of eksterne ouditeur. |

**2**

| 3.3.3 | **Gee EEN rede waarom ŉ onderneming mag besluit om vaste bates te verkoop.** |
|---|---|
| | Enige EEN ✓✓<br>Bates is te oud / Onderhoud raak te duur / Nie meer effektief vir spesifieke gebruik nie/ Beter model is beskikbaar/ Beter tegnologie |

**2**

| TOTALE PUNTE |
|---|
| **50** |

## VRAAG 4: REKENINGKUNDIGE VERGELYKING

### 4.1 AMELIA HANDELAARS

| | REKENING GEDEBITEER | REKENING GEKREDITEER | BEDRAG | Effek op die rekeningkundige vergelyking | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | B | E | L |
| **4.1.1** | Debiteure-kontrole✓ | **Verkope** | **25 000** | +✓ | **+** | 0 |
| | **Koste van verkope** | Handelsvoor-raad✓ | 20 000✓✓ | -✓ | **-** | 0 |
| **4.1.2** | **Handelsvoor-raad** | Bank✓ | 61 750✓✓ | +-✓ | 0 | 0 |
| **4.1.3** | Handelsvoor-raad✓ | Bank✓ | **900** | +-✓✓ | 0 | **0** |
| **4.1.4** | Bank✓ | Krediteure-kontrole✓ | **20 000** | +✓ | 0 | +✓ |
| **4.1.5** | Handelsvoor-raad✓ | Bank✓ | R99✓✓ | +-✓✓ | 0 | 0 |
| **4.1.6** | Bank✓ | Verbruiks-goedere✓ | R900✓✓ | +✓ | +✓ | 0 |
| **4.1.7** | Grond en Geboue✓ | Herstelwerk✓ | **160 000** | +✓ | +✓✓ | 0 |

**35**

| TOTALE PUNTE |
|---|
| **35** |

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou